higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 3

16 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1

1.1.1	F
1.1.2	J
1.1.3	B
1.1.4	E
1.1.5	K
1.1.6	A
1.1.7	H
1.1.8	C
1.1.9	I
1.1.10	D

(10 × 1) (10)

1.2

- Versuim van die destydse stelsel om in mense se gesondheidsbehoeftes te voorsien
- Stygende koste
- Toenemende spesialis-/kuratiewe fokus
- Swak samewerking binne en tussen gesondheidsdienste
- Swak professionele voorbereiding
- Ondergewaardeerde en ontevrede personeel (6)

1.3 1.3.1

- Opvoedkundige dienste✓
  - NBVV-kollege, Kaapstad
  - Parow-Oos Laerskool
- Ontspanningsdienste✓
  - KFC✓
  - China town✓
  - Food Lover's Market✓
  - Checkers Hyper✓
  - Takealot Pickup✓
  - Lifestyle Fabrics✓
- Gesondheidsdienste✓
  - Parow Kliniek✓
  - Parow Daghospitaal✓
  - Parow Gemeenskapsgesondheidsentrum✓
- Veiligheidsdienste✓
  - Parow Polisiekantoor✓
  - Parow Streekshof✓
- Vervoerdienste✓
  - Padstelsels✓
- Telekommunikasie- en posdienste ✓
  - Parow Poskantoor✓
  - (Ken 1 punt toe vir elke korrekte diens en 1 punt vir EEN korrekte voorbeeld van elke diens) (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

1.3.2

- Vennootskap tussen gesondheidsdienste en veiligheidsdienste ✓
    - Parow Polisiekantoor lewer regstreeks bystand aan Parow Kliniek of Daghospitaal in gevalle waar pasiënte aangerand word, ens. ✓

- Vennootskap tussen gesondheidsdienste en opvoedkundige dienste ✓
    - Parow Kliniek lewer regstreeks gesondheidsorgdienste aan laerskool- en kollegestudente, bv gesondheidsdienste rakende voorbehoeding✓

- Vennootskap tussen veiligheidsdienste en opvoedkundige dienste
    - Parow Polisie lewer regstreeks dienste aan skole/kolleges in noodgevalle ✓

- Vennootskappe tussen verskillende vlakke van gesondheidsdienste ✓
    - Doeltreffende verwysingstelsel tussen Parow Kliniek, Gemeenskapsentrum en Daghospitaal✓

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)
[30]

VRAAG 2

2.1

- Dit maak voorsiening vir kunsmatige lig vir die afhandeling van take indien daar geen natuurlike lig is nie.
- Dit maak voorsiening vir elektriese kosvoorbereiding en om water te verhit
- Dit stel ons in staat om produktief, ✓ veilig ✓ en gesellig te wees ✓
- Dit gee toegang tot huishoudelike toerusting wat lede van die gemeenskap in staat stel om te werk, ✓ opgevoed te word, ✓ en meer tyd vir ontspanning en sosialisering te geniet. ✓
- Dit stel mense in staat om langer en meer produktief te werk, wanneer nodig. ✓
- Dit gee ons toegang tot tegnologie en die internet.
- Dit is noodsaaklik vir sekere gesondheidstegnologieë ✓ bv, dialise, en sekere steriliseringsmetodes
- Dit is ’n middel om mense teen uiterste weerstoestande te beskerm, deur verwarming in koue weer en verkoeling in warm weer moontlik te maak.
- Dit stel mense in staat om tuis te werk/die skepping van tuisondernemings ✓ bv, houtwerk, naaldwerk, kookkuns, en om kos en drank koud te hou.
- Dit stel ons in staat om toegang tot bekostigbare vermaak, soos radio en televisie, te kry.
- Dit is noodsaaklik vir sekere gesondheidstegnologieë ✓ bv, dialise, en sekere steriliseringsmetodes (Enige toepaslike 8 × 1)

(8)

2.2 2.2.1 Gemeenskapspolisiëringsforum (2)

2.2.2
- Diensoriëntering✓
  - Bied 'n professionele diens aan die gemeenskap deur maskers en handreinigers te voorsien, die gemeenskap aan te moedig om selfdistansiëring toe te pas, en seker te maak dat diegene wat simptome wys, protokolle volg ✓
- Vennootskap ✓
  - Die aanstelling as vrywilligers van 478 GPF-lede wat breedweg verteenwoordigend van hul gemeenskappe is, om met COVID-19-protokolle behulpsaam te wees, terwyl hulle hul noodsaaklike werk in die gemeenskappe voortsit en die SAPD bystaan✓
- Probleemoplossing
  - Aanvaarding van 'n samewerkende benadering om veiligheidskwessies te identifiseer en probleme op te los✓
- Bemagtiging
  - GPF's sit hul noodsaaklike werk in die gemeenskappe voort en werk saam met die SAPD✓
- Aanspreeklikheid✓
  - GPF's kan help om veiligheidskwessies van gemeenskappe te identifiseer en aan te meld sodat dit gehanteer kan word. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid sal verseker dat maatreëls ingestel word om die verspreiding van COVID-19 te voorkom en dat alle lede beskerm word wanneer hulle die toepassing van die inperking ondersteun.✓

(Enige korrekte 5 × 2) (10)

2.3
- Dit moedig mense aan om gehaltetyd met vriende en gesinne deur te bring en versterk sodoende sosiale betrekkinge.✓✓
- Dit bied alternatiewe vir minder gesonde aktiwiteite.✓✓
- Dit verminder stres en bevorder fisieke gesondheid, sielkundige welstand, en verbeterde subjektiewe lewensbevrediging.
- Dit bevorder interaksie met andere, verminder isolasie en verbeter harmonie tussen diegene van verskillende agtergronde. ✓✓
- Dit versterk 'n sin vir gemeenskap onder individue. ✓✓
- Dit verhoog gemeenskapstrots. ✓✓
- Dit verminder vandalisme en misdaad. ✓✓
- Dit verhoog eiendomswaarde. ✓✓
- Dit kan 'n katalisator vir toerisme wees. (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 Waar
3.1.2 Onwaar
3.1.3 Waar
3.1.4 Onwaar
3.1.5 Onwaar
3.1.6 Waar
3.1.7 Waar
3.1.8 Onwaar
3.1.9 Onwaar
3.1.10 Waar

(10 × 1) (10)

3.2 Die Alma-Ata-verklaring is ’n dokument wat die dringende behoefte aanroer om die gesondheid van alle mense te beskerm en te bevorder, en beklemtoon die belangrikheid van primêre gesondheidsorg om dit te bereik. (Enige soortgelyke 2 × 2) (4)

3.3
- Voorligting/onderrig aan publiek
- Behoorlike voeding
- Skoon water en sanitasie
- Moeder- en kindergesondheidsorg
- Immunisering
- Plaaslike siektebeheer
- Toeganklike behandeling
- Voorsiening van medisyne (Enige 6 × 1) (6)

3.4
- Gesondheid is ’n basiese mensereg, en toegang tot gesondheidsorg behoort nie ’n voorreg te wees wat afhang van faktore soos waar jy woon, hoeveel geld jy het, ras, geslag, ouderdom, ens nie.
- Mediese behandeling en gesondheidsorg in die openbare sektor wat nie toeganklik en beskikbaar is nie, kan daartoe lei dat individue en gesinne in skuld en armoede vasgevang word wanneer hulle toegang tot private dienste bekom.
- Om nie in staat te wees om toegang tot gesondheidsorg te kry nie, kan lei tot uiterste stres, angs en depressie.
- Toeganklike openbare gesondheidsorgdienste kan lewens red wat andersins verlore kon geraak het.
- Dit verlaag die koers waarteen siektes oorgedra word.
- Toegang tot openbare gesondheidsorgdienste verminder die gevolge van ekonomiese ongelykheid.
- Dit verlaag die risiko van uitbuiting deur private verskaffers.
- ’n Gesonder gemeenskap het waarskynlik verhoogde ekonomiese produktiwiteit. (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 4

4.1 Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2)

4.2 Pholela het een van die eerste werkende modelle van GOPS in die praktyk verskaf.

- Beginsel 1: Plaaslike gesondheid- en institusionele ontleding✓
  - Pholela het bevolkingsgebaseerde ondersoeke gebruik om inligting vir die voorsiening van gesondheidsdienste te bekom.✓
  - Dit het higiëne en sanitasie, voeding, water, behuisingstoestande, en beroepsbedreigings geteiken. (ENGELS UTILIZED. MOET DIT NIE UK ENGELS WEES NIE?) OOK 3.2 EMPHASIZING✓
  - 'n Baanbrekers-eienskap van die Pholela-model was sy afhanklikheid van die maatskaplike en epidemiologiese ondersoek na die plaaslike bevolking om inligting oor die lewering van dienste te verskaf – gemeenskapsgesondheidsprofiel.✓
  - Onmiskenbaar innoverend vir daardie tydvak, het Pholela plaaslike individue as gesondheidsassistente en gemeenskapsopvoeders gewerf en opgelei, om die lewering van gesondheidsopvoeding, en bevordering van vaardigheidsontwikkeling op dorps- en huishoudelike vlak te fasiliteer. ✓
- Beginsel 2: Omvattende sorg✓
  - Integrasie van genesende/kuratiewe sorg en voorkomende gesondheidsdienste in 'n omvattende gemeenskapgebaseerde pakket ✓
  - Inkorporasie van gesondheidsopvoeding en gesondheidsbevordering as noodsaaklike elemente van die gesondheidsleweringstelsel
  - Beklemtoning van die lewering van holistiese gesondheidsorg in plaas van blote mediese sorg (ENGELS EMPHASIZING) ✓
  - Gespesialiseerde (ENGELS SPECIALIZED) programme en ingrypings om in die gesondheidsbehoeftes van weerlose en hoërisikogroepe te voorsien (vroue en kinders), insluitend verpligte immunisering (ENGELS IMMUNIZATIONS), skoolvoedingskemas, die vestiging van huishoudelike en gemeenskaplike voedseltuine, kindergroeimonitering, borsvoeding, aanvulling van babakos, gemeenskaplike kindersorgdienste, en gesinsbeplanning.✓
- Beginsel 3: Gelykheid
  - Toeganklike gesondheidsorgsubsentra is tot stand gebring.
  - Bekostigbare gesondheidsorg ✓
- Beginsel 4: Praktyk met wetenskap ✓
  - Alle gesondheidswerkers by Pholela moes in staat wees om plaaslike begrippe van gesondheid em siekte te verstaan en te waardeer, ten einde te waarborg dat die gesondheidsentrum se dienste en sorg sosiaal toepaslik, aanvaarbaar, en effektief is.✓
  - Alle gesondheidwerkers moes in gesondheidsorg gekwalifiseer en opgelei wees.
  - Daar is van professionele gesondheidwerkers verwag om as 'n span saam te werk.✓
- Beginsel 5: Diensintegrasie met betrekking tot gebruikers✓
  - Dit was uniek in sy fokus op die gesondheid van gesinne en die gemeenskap, eerder as slegs individuele gesondheid. Pholela

Gesondheidsentrum het daarna gestreef om die maatskaplike omstandighede en determinante te identifiseer en te hanteer wat bevolkingsgesondheid oor die algemeen beïnvloed het. ✓

- ’n Kernbydrae van die Pholela-model was sy unieke klem op gemeenskapsbemagtiging en deelname in die lewering van gesondheidsorg. ✓
- Gemeenskapslede en plaaslike owerhede was regstreeks betrokke by programbeplanning en besluitneming oor gesondheidsdienste.
- Bemagtiging van die gesin om gemeenskaplike gesondheid te verbeter, was veral ’n nuwe eienskap. Personeel van die gesondheidsentrum het periodiek met alle lede van ’n gesin vergader om ‘gesinsgesondheidsopnames’ te voltooi, ’n bespreking van elke lid se gesondheidsgeskiedenis en -toestand met betrekking tot omstandighede in hul huishouding en die gemeenskap.
- (Ken 2 punte toe vir 2 punte wat verband hou met elk van die vyf beginsels) (5 × 2)

(10)

4.3 4.3.1

- Die geletterdheidsprogramme vir volwassenes is gerig op volwassenes wat nie kan lees of skryf nie, wat tot werkloosheid lei. Deur hulle met hierdie vaardighede toe te rus, verhoog indiensneembaarheid, wat gemeenskapslede in staat stel om vir beter poste aansoek te doen en sodoende maatskaplike verandering in gemeenskappe teweeg te bring.
- Geletterdheid bemagtig, sodat gemeenskapslede meer in beheer van hul daaglikse lewens kan wees.
- Gemeenskapslede kan beter na hul gesondheid omsien, byvoorbeeld, hulle kan leer oor siektetoestande, of hoe om gesondheid te verbeter, of hul medikasievoorskrifte te lees.
- Om in staat te wees om te lees verbeter die vermoë om op die hoogte te bly van gebeure en die vraagstukke te verstaan wat ons wêreld vorm.
- Geletterdheid stel gemeenskapslede in staat om meer effektief met mekaar en andere te kommunikeer, en verhoog waarskynlik gevoelens van insluiting en sosiale kohesie.
- (Enige toepaslike 3 × 2)

4.3.2

- Befondsing vir kleinkindontwikkelingsentra verbeter geleenthede vir jong kinders om beter versorg te word en meer vaardighede aan te leer in omgewings wat bevorderlik vir leer is.
- Die aanleer van sosiale en gedragsvaardighede (ENGELS BEHAVIOURAL NIE BEHAVIORAL NIE) vanaf ’n vroeë ouderdom verhoog die geleenthede van kinders om later positief tot hul gemeenskappe by te dra.
- Kleinkindontwikkelingsentra hou jong kinders veilig en geborge deur die dag sodat ouers werk toe kan gaan. (6)

- Baie kleinkindontwikkelingsentra verskaf voedsel aan jong kinders in gemeenskappe wat andersins nie geredelik toegang tot voedsel het nie. (Enige toepaslike 3 × 2)

4.3.3
- Skoolgesondheidsdienste bevorder goeie gesondheid en voorkom swak gesondheid onder skoolgaande kinders.
- Gesondheidsopvoeding en -bevordering in lewensoriënteringsklasse leer kennis en vaardighede wat kinders en hul families in die toekoms kan help.
- Menstruasie- en reproduktiewe gesondheidsdienste, soos om sanitêre doekies aan meisies te voorsien, verseker dat hulle skool bywoon in plaas daarvan om skool te verlaat. (Enige toepaslike 3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1
5.1.1 Ontspanning
5.1.2 Sanitasie
5.1.3 Gesondheid
5.1.4 Ontspanning
5.1.5 Welstand
5.1.6 Vervoer
5.1.7 Telekommunikasie
5.1.8 Gesondheid
5.1.9 Ontspanning
5.1.10 Onderwys

(10 × 1) (10)

5.2
- Om kennis en bewustheid te verbeter van gedrag wat gesondheid bevorder
- Om stelsels te ontwikkel vir die hoofstroming van sorg en ondersteuning vir onderwys en leer
- Om vaardighede, kennis van en besluitneming oor seksuele en reproduktiewe gesondheid onder leerders, opvoeders en skoolsteunpersoneel te verbeter
- Om vroeë identifisering en behandeling van gesondheidsleerstruikelblokke te fasiliteer (Enige korrekte 2 × 2) (4)

5.3
- Klem op voorkoming eerder as genesing
- ’n Tekort aan dienste vir swart Suid-Afrikaners in sowel stedelike as landelike gebiede
- ’n Gebrek aan koördinering tussen dienste
- Die groei van private gesondheidsorg wat hulpbronne gebruik, maar wat min mense kan bekostig (Enige 3 × 2) (6)

5.4
- Verbetering van konsentrasie, leervermoë en algemene welstand van leerders
- Bevordering en ondersteuning van voedselproduksie en voedselsekerheid in skole en gemeenskappe ✓✓
- Versterking van voedingsonderrig in skole (verspreiding van leermateriale in skole, soos grafieke oor gesonde lewenstyle) ✓✓ (10)

- Vestiging en bevordering van die instandhouding van goeie eet- en leefstylgewoontes vir die res van hul lewens ✓✓
- Aanmoediging van skole om groentetuine te vestig, en leer leerders en ouers die waarde daarvan om groentetuine in stand te hou ✓✓
- Motiveer leerders om gereeld skool by te woon en betyds te wees aangesien hulle van 'n voedsame maaltyd by die skool verseker is. (Enige toepaslike 5 × 2) ✓

[30]

VRAAG 6

6.1
6.1.1 1940's
6.1.2 maatskaplike
6.1.3 afgeneem
6.1.4 Pholela
6.1.5 Geiger

(5 × 1) (5)

6.2
- Samel gesondheidsverwante inligting in.
- Gee gesondheidsopvoeding.
- Adviseer gemeenskapslede wat sorg benodig om die gesondheidsentrum te besoek. (3)

6.3
- Treine verskaf 'n diens wat deurslaggewend vir sosio-ekonomiese ontwikkeling is.
- Individue gebruik treine om toegang tot onderwysdienste, werk, gesondheidsorg, ontspanning, inkopiegeriewe en ander dienste te kry.
- Versuim om doeltreffende diens te lewer kan nadelige gevolge inhou, soos verlies van werk, of studente wat belangrike assesserings misloop.
- Baie mense maak staat op treindienste omdat dit kostedoeltreffend is of omdat hulle nie ander vervoermiddele kan bekostig nie.
- Voorsiening van 'n doeltreffende diens beteken dat individue wat nie in staat is om toegang tot ander vorme van vervoer te kry nie, steeds toegang tot belangrike dienste en aktiwiteite kan kry, en onafhanklikheid, 'n gevoel van vryheid en beweeglikheid kan handhaaf.
- Die voorsiening van konsekwent doeltreffende diens verlig stres en angs wat andersins met die gebruik van treine of openbare vervoer gepaard gaan. (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

6.4
- Verbeterde toegang tot aanlyn onderrig en leer.
- Vermoë om meer inligting te bekom
- Toegang tot telegeneeskundige dienste
- Toegang tot meer werksgeleenthede
- Besparing van byvoorbeeld vervoerkoste wanneer mense in staat is om aanlyn van die huis af te werk, banktransaksies en inkopies van die huis af te doen, toegang te verkry tot ontspanning/vermaak, en na die beste of bekostigbaarste opsies te soek
- Toegang tot maniere waarop mense op 'n wêreldwye platform gehoor kan word, en vryelik met andere te kommunikeer (12)

- Meer opsies om kontak met andere te maak en sosiale betrekkinge in stand te hou

(Enige toepaslike 6 × 2)

[30]

TOTAAL: 180